DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

Eredienste begin 09:30

**8 Oktober 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Romeine 1: 16 & 17; Romeine 3: 9 & 10; Romeine 3: 21 - 31** |
| **Tema** | ***Die regverdigmaking van die sondaar is slegs deur die geloof in Christus*** |
| **Sang** | **Psalm 146: 1, 6**<br>**Psalm 25: 2**<br>**Psalm 130: 2, 4**<br>**Psalm 139: 1, 12**<br>**Psalm 115: 8, 9** |

Alle mense, sonder uitsondering, is skuldig en daarom doemwaardig voor God. Almal is onder Sy toorn. Dis die mens se heel grootste probleem! (Ron 1: 8 – 3: 20). Maar dan begin Rom 3:21 met twee van die wonderlikste woorde in die Bybel: "Maar nou ...". Dit word gevolg deur een van die rykste uiteensettings van die evangelie in die ganse Woord (Rom 3: 21 - 31). Aan die hart van hierdie verse is v.25. En aan die hart van v.25 is die woord “versoening” (Gr. hilasterion).

Paulus het die eerste gedeelte van sy brief aan die Romeine in hoofstuk 3:20 met die mees skrikwekkende gedagte afgesluit. Die hele wêreld is strafwaardig voor God!

Ek verklaar die gedeelte aan die hand van die volgende 6 punte:

1. God openbaar sy geregtigheid sonder die wet (21a)
2. Beide die wet en die profete getuig daarvan (21b)
3. Ons ontvang dit deur die geloof (22, 23, 25)
4. God gee dit gratis (24a)
5. Jesus koop dit vir ons (24b)
6. Jesus Christus het God se torn afgewend/versoening gedoen (hilasterion) (25)

Die beste vertaling vir hilasterion is ’n omskrywing: Christus was die Strafdraende Plaasvervanger wat God se toorn namens ons gedra het. Strafdraend: ’n Heilige God se volmaakte geregtigheid dring daarop aan dat alle oortredinge van Sy wet gestraf moet word. En presies dit het op Golgota gebeur. Daar het God se toorn teen die sonde van mense op Sy eie Seun in gebrandglas! Plaasvervanging: Dit vind plaas wanneer iemand in die plek van 'n ander optree - só dat dit nie meer vir die ander nodig is om dit te doen nie.

Dat Christus as plaasvervanger opgetree het vir diegene wat die Vader aan Hom toevertrou het, word deur die Skrif onderstreep.

Jesus Christus, gedring deur Sy volkome liefde om al die nodige te doen vir my redding, het God se verskriklike oordele, wat ék moes ondergaan het, volledig namens my gedra - en sodoende vir my vergiffenis en ewige heerlikheid bewerkstellig.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid saam met Gerdien Kuijpers wat Vrydag 'n prosedure aan haar kakebeen ondergaan. Van DV Maandag af ontvang sy 10 chemo behandelings. Sterkte en seën vir jou.
* Baie geluk aan Jan-Albert en Mariska Coetzee met Lara se geboorte. Ons is dankbaar saam met julle. Baie geluk aan oupa en ouma Albert en Annamart Coetzee met julle kleindogter. Mag sy vir julle baie vreugde bring.
* Ds Sarel en die belydenisklas is DV Vrydagmiddag tot Saterdagmiddag besig om afronding te doen. Bid asb vir ons kinders vir geestelike wysheid en insig om hulle verantwoordelikheid te besef en te aanvaar.
* Seën vir ons kinders en ouers vir die nuwe kwartaal. Ons bid vir die matrieks wat besig is met hulle finale voorbereiding vir die eindeksamen. Vasbyt en mooi leer!!

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 8 Okt 2023

**Diensbeurt:** Wyk 11
**Ouderling:** Hennie Combrink
**Katkisasie:** Geen katkisasie
**Diaken:** Daleen Coetsee

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD





**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie weer na die skoolvakansie sal hervat.**

**Hou die Basuin dop vir datums.**




| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 9 Okt | 18:00 | *Kerk* | Diakensvergadering |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 8 Okt | *Sarie Bronkhorst ** <br> Pieter Nagel | *70* <br> 60 | B <br> B | 082 819 9164 <br> 083 557 6430 |
| (Di) 10 Okt | Danie Combrink <br> Mia Maré | 41 <br> 5 | B <br> D | 082 335 9553 <br> 082 318 7263 |
| (Do) 12 Okt | Martin Erasmus | 65 | B | 083 628 6114 |
| (Sa) 14 Okt | Johan Bester | 63 | B | 079 500 8811 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 8 Okt 1989 | Pieter & Barbara Nagel | 34 | 083 260 9581 <br> 083 557 6430 |
| (Wo) 11 Okt 2003 | Tinus & Maritza du Preez | 20 | 082 654 2099 <br> 064 657 3014 |
| (Do) 12 Okt 2013 | Theyman & Simoné Jongbloed | 10 | 082 575 9143 <br> 084 511 3831 |
| (Sa) 14 Okt 2000 | Pieter & Valerie O'Reilly | 23 | 082 421 6982 <br> 072 943 0973 |
| (Sa) 14 Okt 2006 | Johan & Nadia Kotze | 17 | 083 422 2073 <br> 082 398 0114 |

....En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig:

As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

Met die hart glo ons, en ons word vry-gespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

Die Skrif sê tog:

"Niemand wat in Hom glo,

sal teleurgestel word nie."

Romeine 10:8(b)-11

# KOLLEKTES

Kollektes Oktober 2023



Tydends erediens:

Diakonale Sorg

Na erediens (By die deure):
Spesiale Fondse :
8 Okt Emeritaatsversorging
15 Okt Bybelverspreiding
22 Okt Teologiese Studentekas

"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.

## STAP VIR BYBELS



# DIAKONALE KERSMARK




**Die diakonie beplan om weer ‘n Kersmark te hou op Saterdag 18 November 2023 by die kerk.**

**Ons weet dat die gemeente soos in die verlede OOK die projek sal ondersteun, en daarom vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.**

**Lidmate kan skenkings gee van:**

- **Ou klere,**
- **Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,**
- **Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,**
- **Handgemaakte items vir kersgeskenke,**
- **Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.**

**Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die dag is welkom. Die stalletjie sal jou slegs R200.00 uit die sak jaag, ‘n “bargain” soos min.**

**Vir meer inligting en skenkings, kontak asseblief vir Daleen op 079 490 2678.**

**Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender !!!!!!!!**

# DAMESOGGEND (GK Pietersburg-Noord)




**Die susters van GK Pietersburg-Noord nooi al ons susters uit na hulle Damesoggend op 21 Oktober 2023 .**

**Kaartjies vir die geleentheid kan bespreek word by Marina vd Walt op 072 135 6905; of soos op die uitnodiging aangedui. Die bankbesonderhede om 'n EFT betaling te maak is as volg :**

**Rekening naam : Gereformeerde Kerk PBG-Noord (Susters)**
**Bank : ABSA**
**Takkode : 632005**
**Verw: 21/10 Kaartjie no**

## SILWERDOPPERS

Al die Silwerdoppers moet onthou dat ons op 10 Oktober weer "Ten Pin Bowling" gaan speel.



Ons kom almal 10:00 by Savanna Mall, bymekaar om weer lekker te lag en saam te kuier.

Vir navrae en vervoer kontak Marina vd Walt op 072 135 6905.

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge :

*Ouderling:*
Stephan Coetsee; Johan Snyman; Jan Hoogendyk.

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# LENTE MARK (MARTHA HOFMEYR)




# ALMANAK 2024




**Lidmate wat die Almanak 2024 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.**

Daar is slegs **45 Almanak 2024 boeke beskikbaar**.

Die Almanak se koste is **R130.00 per eksemplaar.**

| Preke<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | Kerkkantoor<br>Faksnommer<br><br>Webwerf<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
|---|---|---|
| Koster<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>Orreliste<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | Bankbesonderhede<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word,*

*Romeine 3: 25*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**